
# GELOOF FAITH

## In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411**

**WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com**


# KOM MET 'N SKOON HART

*Wanneer ons kom om te bid, om met God in gesprek te tree dan moet ons dadelik besef dat ware gebed, gebed wat deur God gehoor en verhoor word, net die voorreg is van God se kinders, en jy kan slegs 'n kind van God wees as jy Jesus Christus as die Saligmaker en Here van jou lewe aangeneem het* ***(Joh. 1:12).*** Dit is slegs wanneer ons tot God die Vader bid in Jesus se Naam dat Hy na ons luister **(Joh. 16:23 en 24)** en God laat ook nie Sy Seun se Naam onverantwoordelik gebruik nie. Ons moet in die regte verhouding tot God staan d.m.v. Jesus Christus **(1 Kor. 1:30)** dan kan ons met vrymoedigheid na God gaan met ons dank en versoeke en lof. Daar is baie ander valse godsdienste wat ook "god", 'n opperwese aanbid, maar hulle verwerp die enigste Middelaar Jesus Christus en daarom is hulle aanbidding tevergeefs.

Daarom is dit paslik dat ons, voor ons kom by gebed, sal seker maak dat ons deur Jesus Christus gered is, wedergebore is en lewe tot Sy eer, m.a.w. dat ons kinders van God is.

Laat ons tog ook net groot erns maak met sondes in ons vroeëre lewens voor ons 'n kind van God geword het, want sulke sondes wat ons nie bely en nie geheel en al mee breek nie, vorm dikwels blokkades in ons geestelike lewens en God kan nie in en deur ons werk nie.

Die sonde wat ons vind die meeste ernstige probleme vir mense skep, selfs na hulle bekering is die betrokkenheid by valse leraars, valse profete, okkultiese of sataniese of ander bose praktyke voor of na bekering. As jy dalk met hierdie dinge deurmekaar was, stel ek voor dat jy onmiddellik die volgende doen, want hierdie magte kan die werking van God se Gees in jou lewe onmoontlik maak en jou lewensprobleme en siekte laat toeneem i.p.v. verminder en oplos:

1. BELY AAN GOD dat jy betrokke was met verkeerde dinge in die okkult. Breek onvoorwaardelik, geheel en al, met alle vorme van die okkult, toordery, ens.

2. VERBRAND OF VERNIETIG enige artikel of item wat in jou lewe verband hou met die okkult, ens. (Dit mag 'n gewone artikel soos 'n foto, boek, poeier, hangertjie of tydskrif wees). Ook die Boeddha beeld. Boeddha is 'n god in die Ooste**(Ex. 20:3-5).** Dit mag 'n versiering in jou huis wees – maar oorsee word hy aanbid!

3. BREEK JOU VERBINTENIS en betrokkenheid met Satan en demoniese magte. Breek met die sonde van jou voorouers.

4. BEKEER JOU OPNUUT TOT GOD en bid die onderstaande gebed: ***"Dankie Here dat U vir my sondes gesterf het, dat U in U heerlikheid weer opgestaan het uit die dood en my deur die kosbare bloed van Jesus 'n nuwe skepsel gemaak het. Dierbare Heer, ek het 'n belydenis om aan U te maak: Ek was ongehoorsaam aan U Woord. Ek wil graag hê dat U my moet help om met al hierdie dinge te breek en dat U my gees, siel en liggaam in Jesus se Naam sal reinig. Ek breek met spiritisties borde en alle ander geheimsinnige speletjies***

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Kom met a skoom hart ...)*

***van die okkult. Ek breek met die dwaalleer van reïnkarnasie en alle kontak met demoniese genesingsgroepe. Ek breek met alle hipnose onder enige verskoning of gesag. Ek breek met alle nuuskierigheid oor die toekoms of die verlede en dinge wat buite U wil is. Ek breek met waterwysery met 'n wiggelstok, yster of bottels, swewing van liggame en voorwerpe, die lig van tafels, psigometrie en outomatiese skrywery. Ek breek met alle literatuur wat ek ooit in verband met bogenoemde gelees het. Ek breek nou, in die Naam van Jesus , alle sielkundige oorerflikheid en enige demoniese houvas op my familie a.g.v. ongehoorsaamheid in enige van hierdie areas deur een van my ouers. In die Naam van Jesus breek ek met alle okkultiese dinge. Ek breek met elke kultus wat die Bloed van Christus verloën. Ek breek met alle valse leerstellings wat nie in lyn met die Woord van God is nie. In die Naam van Jesus breek ek nou die mag van elke bose gees wat my tot hiertoe gebind en geteister het, en roep tot die Here om my vry te maak. Baie dankie, Hemelse Vader, ek GLO dat ek nou vry is, en ek wy my ganse lewe opnuut aan U. Ek bid in die Naam van Jesus."***

As jy bewus is van enige ander sonde wat moontlik kan skeiding maak tussen jou en God, gaan bely dit voor God, vra om vergifnis en neem God se Liefde opnuut aan.: **1 Joh. 1:9** sê: **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**. God se Heilige Gees sal vir jou uitwys wat nog in jou lewe verkeerd is aan die hand van die Bybel. Lees dit dikwels biddend, en met verwagting en jy sal God se Stem hoor.

Die sonde wat so dikwels diep in 'n mens se hart versteek bly en soms die moeilikste is om te bely en te oorkom is onvergewensgesindheid en dit stem God se Vader Hart tot diepe hartseer. (Lees **Matt. 18:23-35** en sien jouself en God in hierdie gelykenis. Is die "pynigers" nie ons siektes wat oor ons kom weens onvergewensgesindheid nie?)

Wanneer jy in gebed na die Here gaan en vra vir enige begeerte van jou hart, bv. genesing of verlossing, is daar 'n baie belangrike ding wat jy vooraf moet doen. Toets jouself aan die Woord van God en kyk of daar nie miskien onvergewensgesindheid in jou hart is nie. Ons bid so dikwels "Vergeef ons ons skulde", maar vergeet dan dat daar 'n voorwaarde is, nl. **….. soos ons ons skuldenaars vergewe (Matt. 6:14-15).** Jy sê "Maar daardie persoon het my so 'n groot onreg aangedoen." Geliefde, dit maak nie saak wie of wat dit is en wat daardie persoon aan jou gedoen het nie, die Woord van God sê jy moet hom/haar vergewe. Hy vra nie of jy reg of verkeerd is nie – Hy sê VERGEWE.

(Lees gerus wat **sê Matt. 18:21-35** en **Luk. 17:4** in die verband). In **Mark. 11:23** vind ons 'n wonderlike belofte van die Here – MAAR – lees verder wat die Here in vers **25 en 26** sê. (Lees ook **Jak. 2:13; 5:16; Matt. 5:23-24).**

HOE OM TE VERGEWE: Vergifnis is nie opsioneel nie – dit is absoluut verpligtend. Dit is ook nie 'n emosie nie, maar 'n keuse wat jy in gebed kan doen.

As die Here jou in hierdie oomblik oortuig van onvergewensgesindheid in jou hart, bely dit voor Hom en vra Hom om jou te vergewe. Hier volg 'n gebed wat jy kan bid: **Dierbare Hemelse Vader, ek weet dat ek 'n groot wrok, miskien selfs haat, in my hart koester teenoor ….. Ek noem dit nou by die naam; dat dit sonde is. Reinig my asseblief van hierdie wrok deur U Bloed. In algehele oorgawe kies ek nou om …. te vergewe, of hy/sy dit nou verdien of nie. U het my vergewe toe ek dit nie verdien het nie en daarom vergewe ek …. selfs al verdien hy/sy dit nie om vergewe te word nie. Hemelse Vader, ek vra dat U genade U liefde vir …. in my hart sal uitstort, want my liefde skiet ver tekort. U het my in U Woord beloof dat U enigiets wat ek vra, sal doen. Ek het gevra dat U hierdie wrok uit my hart verwyder en U het dit gedoen. Ek het u gevra om my U liefde vir ……. te skenk en daarom het ek …….. nou lief met U liefde, in Jesus se Naam.**

Ek wil voorstel dat jy ook ons boek "Nagmaal en Genesing" lees. Dit sal jou geestelik baie opbou en versterk God is ons liefdevolle Vader en Hy wil ons gee die begeerte van ons hart **(Ps. 37:4).** Maar alhoewel God ons harte ken, verlang Hy dat ons in ons eie gemoed duidelikheid moet hê oor wat ons van Hom verlang en dan moet ons volgens Sy in-

*(Vervolg op Bl. 3)*

*(Vervolg vanaf Bl. 2 - Kom met n skoon hart .....)*
struksies (Die Bybel) dit aan Hom voorlê en Hy sal volgens Sy Beloftes vir ons ontmoet.

Laat ons dan saam gesels oor hoe ons hierdie belangrike saak van gebed moet benader en ondervind hoe God ons beantwoord.

Die eerste stap is om te besluit wat jy van God verlang en die Skrif op te soek waar hierdie dinge aan jou belowe word. Ons kan so dikwels lang gebede bid wat in werklikheid niks sê nie. Bid ons dan nie om 'n antwoord te kry nie? Maar as daar niks is om te beantwoord nie, waarom bid ons?

Gaan na jou Bybel toe en soek 'n teks waar God aan jou die spesifieke ding belowe wat jy verlang. As daar nie so 'n teksvers is nie Geliefde, vra jy buite God se Wil, want die Bybel is God se Wil vir ons, Sy Kinders. En as jy buite God se Wil vra, kan jy maar vergeet dat jy jou verlange sal kry. Dit is hoekom baie van ons gebede nie beantwoord word nie – ONS VRA BUITE GOD SE WIL **(1 Joh. 5:14).**

God verwag dat ons Sy Woord sal bestudeer, van buite leer, in ons hart oordink en ons gees daarmee vul, want Hy is wakker oor Sy Woord om dit te vervul. Lees ook **Jos. 1:8.** Onthou, die duiwel sal probeer om jou aan God se beloftes te laat twyfel en dan verkry jy nie wat jy verlang nie. Ons moet die Skrif ken om te kwoteer en die duiwel te weerstaan, anders gaan dit jou weerhou van jou regmatige erfenis van God. Jesus Self het die duiwel met die Skrif weerstaan toe Hy op die aarde was en het daardeur vir ons 'n onfeilbare lering daar gestel. **Jesus het gesê: Daar staan geskrywe.**

Kom ons neem 'n praktiese voorbeeld. Dis naby die end van die maand en alhoewel jy baie versigtig jou kos toelaag vir jou gesin dwarsdeur die maand hanteer het, is jou geld nou byna op en ook jou koskas loop vinnig leeg. Nou is dit duidelik dat jy van God moet vra om in jou behoeftes te voorsien. Jy neem God se beloftes oor behoefte en voorsiening (bv. **Filip. 4:19, Ps. 23:1, Ps. 37:4, 2 Kor. 9:6-8)** en vra God dienooreenkomstig. Wanneer twyfel aanval, kwoteer jy vir die duiwel God se Beloftes aan jou. En God sal sy Beloftes gestand doen en jy sal ontvang wat jy gevra het en in oorvloed hê vir jou en jou gesin. (lees ook **Jer. 1:12**). Let egter net op dat jy nie net die Woord moet bely met jou mond nie, maar jy moet dit GLO MET JOU HART **(Rom. 10:10)** anders word jou gebede ook maar net weer 'n leë ritueel.

Daar is dikwels ook 'n tydsfaktor verbonde aan gebedsverhoring en ons moet geduld beoefen. Die Bybel sê tog immers ons moet die goeie stryd van geloof stry, daarom kan ons hindernisse verwag. Wanneer dit by die alledaagse materiële dinge kom, sal mense hulle letterlik in 'n geveg begewe om te verkry en te behou wat hulle toekom, maar waar dit geestelike dinge aangaan, wil hulle net passief en onaktief wees. Hoe dan, dis tog 'n stryd! As iemand jou besittings of jou man/vrou of kinders wil wegneem, sal jy stry/veg, want dis jou regmatige eiendom. En as God vir jou geestelike dinge belowe, stry/veg en staan jou man teen die duiwel wat jou daarvan wil beroof. Gebruik God se Woord as wapen **(Ef. 6:17).**

Ken die nodige Skriftekste om die vyand te weerstaan. Wees gereed om vir hom te sê. "Daar staan geskrywe." Die duiwel gebruik ander mense om jou te ontmoedig, veral i.v.m. geestelike dinge. Maar wees standvastig in liggaam, gees en siel. Kom ons gesels oor die genesing van jou liggaam. Jy is miskien swaksiende, dra 'n bril. Nou vra jy God om volkome herstel van jou gesig. Duidelik sê jy: "*My Hemelse Vader, omdat u Seun Jesus Christus ons siektes en kwale op Hom geneem het aan die kruis en deur Sy Wonde daar vir my genesing gekom het* **(Jes. 53:4-5)** *vra ek vandag in Jesus se Naam dat u daardie feite ook ten opsigte van my oë sal erken, en my volkome visie deur altwee my oë sal gee en hulle geheel en al sal genees. Baie dankie Here dat U hierdie genesing reeds begin het in my oë en nou kan ek u reeds loof en dank daarvoor."*

Nou haal jy nie die bril af en val oor die volgende meubelstuk en breek jou arm nie. Nee, jy dra die bril en jy antwoord jou vriende op hulle skeptiese aanmerkings, wat lui: "God het jou mos genees." (Heel waarskynlik aangevuur deur die duiwel). "Volgens God se Woord is ek genees en dis in hierdie Woord wat my vertroue is. Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom reeds op Golgota". En elke keer as ongeloof jou beetkry, weerstaan dit met God se Woord. So word jou geloof gebou **(Rom. 10:17).** Stry, volhard, en op 'n dag gaan jou oë heeltemal normaal wees en jy sal heeltemal sonder jou bril kan klaarkom en jy sal met vreugde aan al jou vriende kan sê: **Loof die Here, Hy het my volkome genees!**

# END TIME EVANGELISM AND FRUITS OF RIGHTEOUSNESS

Jesus, in answering His disciples question as to when His coming would be, declared these significant words : **And this gospel of the kingdom shall be preached in all the world for a witness unto all nations; and then shall the end come. (Matt. 24:14).** The Apostle Mark records the same truth, and puts it this way: **And the gospel must first be published among all nations. (Mark 13:10).** This is of vital importance to the Lord, because He has chosen this method whereby men may be saved – BY PREACHING! By Proclaiming the Good News.

**1 Cor. 1:21-23: For after that in the wisdom of God the world by wisdom knew not God, IT PLEASED GOD BY THE FOOLISHNESS OF PREACHING TO SAVE THEM THAT BELIEVE. For the Jews require a sign, and the Greeks seek after wisdom: But we preach Christ crucified, unto the Jews a stumblingblock, and unto the Greeks foolishness.** We read the same truth recorded in **Rom. 10:13-15: For whosoever shall call upon the name of the Lord shall be saved. How then shall they call on him in whom they have not believed? and how shall they believe in him of whom they have not heard? AND HOW SHALL THEY HEAR WITHOUT A PREACHER? AND HOW SHALL THEY PREACH, EXCEPT THEY BE SENT? as it is written, How beautiful are the feet of them that PREACH THE GOSPEL OF PEACE, AND BRING TIDINGS OF GREAT THINGS!**

God gave specific instructions to Jonah to go and preach to the rebellious people of Nineveh, however, because Jonah was disobedient he became fish food for 3 days and 3 nights. When he eventually obeyed however, the entire city of Nineveh responded and repented resulting in over 120,000 souls being saved from total destruction. (Jonah 4:11).

The Lord Jesus said that all nations must hear the Gospel preached before His return! Paul challenged Timothy in **2 Tim.4:1-4: I charge *thee* therefore before God, and the Lord Jesus Christ, who shall judge the quick and the dead at His appearing and His kingdom; PREACH THE WORD; be instant in season, out of season; reprove, rebuke, exhort with all longsuffering and doctrine. For the time will come when they will not endure sound doctrine; but after their own lusts shall they heap to themselves teachers, having itching ears; And they shall turn away *their* ears from the truth, and shall be turned unto fables.**

Jesus said **And this gospel of the kingdom shall be preached in all the world for a witness unto all nations; and then shall the end come. (Matt. 24:14).** And we need to be obedient to His instructions in preparation for His return.

## END TIME PARABLES – BEARING FRUITS OF RIGHTEOUSNESS

On the 23rd of March 1979, a prophecy was given in the Stanger Town Hall, and the Lord declared through His servant that night, what He had ordained for this place. It was indeed and without doubt an anointed word from the Lord, given at length and in detail, describing how He planned to do a work "in this place" that the Nation (South Africa) would know about. When the prophecy was being given, it was accompanied by loud thunder and lightning, although there had been no sign of rain or cloudy weather when we arrived at the Town Hall, - and, thunder storms are very rare for our area! The Lord said through His servant that there would be signs and wonders, miracles and even a literature ministry. Every detail (and there were many) has come to pass – even the accurate description of what the building would be like, down to the "corrugated metal roof". However, the reason for my bringing this to remembrance in the context of the subject of this book, is because the message from the Lord to our eager and earnestly seeking small group of believers that night, ended with these words: **"And when you see these things come to pass, know that it is I the Lord that has done it. But look not at the signs and wonders of man, but to the fruits of righteousness – of love, of temperance and of Holy living."**

The many wonders and miracles that we have seen the Lord do in this place will fill books and books if we were to record them all, and we rejoice at each one as it takes place. We never take His wondrous works for granted and we always give Him every bit of the honour and glory that is due to Him and Him alone. But we are very conscious that the Lord is equally concerned, maybe even more so, about the fruit of righteousness that must be evident in our lives.

It is most significant that when Jesus had completed giving His disciples a description of

the signs of the end times in Matthew chapter 24, He went on to give them **four end time parables**. These were the last parables that the Lord told before He was crucified, and therefore they are of major importance, particularly in context with end time teaching. They are parables directly relating to "fruits of righteousness". We will discuss their contents individually, but significantly, the fourth parable ends at the end of Matthew chapter 25, and we read at the beginning of the very next chapter, Matthew chapter **26: 1-2: And it came to pass, when Jesus had finished all these sayings, He said unto His disciples, Ye know that after two days is *the feast of* the passover, and the Son of man is betrayed to be crucified.** In other words**,** once He had told them the signs of the times which included these four crucial parables, He then went straight on to tell them about His imminent crucifixion at Passover. He had despatched this all important end time message, and now it was over to His disciples to react upon it!

Before He starts to tell them the first parable, comes His warning in verse 42 : **Watch therefore: for ye know not what hour your Lord doth come. (Matt. 24:42)** Then He begins directly with the first parable in verse 43 of Matthew chapter 24.

**First Parable**
**THE WISE SERVANT**

The account of the wise servant is found in **Matthew 24:43-51: But know this, that if the goodman of the house had known in what watch the thief would come, he would have watched, and would not have suffered his house to be broken up. Therefore be ye also ready: for in such an hour as ye think not the Son of man cometh. Who then is a faithful and wise servant, whom his lord hath made ruler over his household, to give them meat in due season? Blessed *is* that servant, whom his lord when he cometh shall find so doing. Verily I say unto you, That he shall make him ruler over all his goods. But and if that evil servant shall say in his heart, My lord delayeth his coming; And shall begin to smite *his* fellowservants, and to eat and drink with the drunken; The lord of that servant shall come in a day when he looketh not for *him,* and in an hour that he is not aware of, And shall cut him asunder, and appoint *him* his portion with the hypocrites: there shall be weeping and gnashing of teeth.** The Lord's message is very clear for us to be ready and "on the job" that He has entrusted to us until He returns! Be prepared, by keeping on, keeping on!

**Second Parable**
**THE TEN VIRGINS**

We all know the lesson to be learnt from the parable of the five foolish virgins found in**: Matthew 25:1-13 Then shall the kingdom of heaven be likened unto ten virgins, which took their lamps, and went forth to meet the bridegroom. And five of them were wise, and five *were* foolish. They that *were* foolish took their lamps, and took no oil with them:**

**But the wise took oil in their vessels with their lamps. While the bridegroom tarried, they all slumbered and slept. And at midnight there was a cry made, Behold, the bridegroom cometh; go ye out to meet him. Then all those virgins arose, and trimmed their lamps. And the foolish said unto the wise, Give us of your oil; for our lamps are gone out. But the wise answered, saying, *Not so;* lest there be not enough for us and you: but go ye rather to them that sell, and buy for yourselves. And while they went to buy, the bridegroom came; and they that were ready went in with him to the marriage: and the door was shut. Afterward came also the other virgins, saying, Lord, Lord, open to us. But he answered and said, Verily I say unto you, I know you not. Watch therefore, for ye know neither the day nor the hour wherein the Son of man cometh.** Jesus is our Bridegroom, and we must be waiting for His arrival in readiness and with expectancy – filled with His Word and constant in prayer! We must remain ready!

**Third Parable**
**THE FAITHFUL SERVANT**

In this parable, Jesus challenges us to be investing in the Kingdom of Heaven while we are here on Earth. He has given each one of us individual talents and abilities that He intends us to use for His Glory and for the extension of His Kingdom. Whatever treasures we store up in Heaven will never rust or decay. **Matthew 25:14-30: For *the kingdom of heaven is* as a man travelling into a far country, *who* called his own servants, and delivered unto them his goods. And unto one he gave five talents, to another two, and to another one; to every man according to his several ability; and straightway took his journey. Then he that had received the five talents went and traded with the same, and made *them* other five talents. And likewise he that *had received* two, he also gained other two. But he that had received one went and digged in the earth, and hid his lord's money. After a long time the lord of those servants**

**cometh, and reckoneth with them. And so he that had received five talents came and brought other five talents, saying, Lord, thou deliveredst unto me five talents: behold, I have gained beside them five talents more. His lord said unto him, Well done, *thou* good and faithful servant: thou hast been faithful over a few things, I will make thee ruler over many things: enter thou into the joy of thy lord. He also that had received two talents came and said, Lord, thou deliveredst unto me two talents: behold, I have gained two other talents beside them. His lord said unto him, Well done, good and faithful servant; thou hast been faithful over a few things, I will make thee ruler over many things: enter thou into the joy of thy lord. Then he which had received the one talent came and said, Lord, I knew thee that thou art an hard man, reaping where thou hast not sown, and gathering where thou hast not strawed: And I was afraid, and went and hid thy talent in the earth: lo, *there* thou hast *that is* thine. His lord answered and said unto him, *Thou* wicked and slothful servant, thou knewest that I reap where I sowed not, and gather where I have not strawed: Thou oughtest therefore to have put my money to the exchangers, and *then* at my coming I should have received mine own with usury. Take therefore the talent from him, and give *it* unto him which hath ten talents. For unto every one that hath shall be given, and he shall have abundance: but from him that hath not shall be taken away even that which he hath. And cast ye the unprofitable servant into outer darkness: there shall be weeping and gnashing of teeth.** We will be well rewarded by the Lord on judgement day if we keep investing in eternal treasures.

### Fourth Parable
### THE GOATS AND THE SHEEP

This last of the four end time parables is so much on my heart! Jesus is concerned about those who are poor, hungry, without clothes and shelter and those in prison. The Word of the Lord constantly reminds us that we should be mindful of the poor, the widows and the orphans. Are we as concerned as He is? **Matthew 25:31-46: When the Son of man shall come in his glory, and all the holy angels with him, then shall he sit upon the throne of his glory: And before him shall be gathered all nations: and he shall separate them one from another, as a shepherd divideth *his* sheep from the goats: And he shall set the sheep on his right hand, but the goats on the left. Then shall the King say unto them on his right hand, Come, ye blessed of my Father, inherit the kingdom prepared for you from the foundation of the world: For I was an hungred, and ye gave me meat: I was thirsty, and ye gave me drink: I was a stranger, and ye took me in: Naked, and ye clothed me: I was sick, and ye visited me: I was in prison, and ye came unto me. Then shall the righteous answer him, saying, Lord, when saw we thee an hungred, and fed *thee?* or thirsty, and gave *thee* drink? When saw we thee a stranger, and took *thee* in? or naked, and clothed *thee?* Or when saw we thee sick, or in prison, and came unto thee? And the King shall answer and say unto them, Verily I say unto you, Inasmuch as ye have done *it* unto one of the least of these my brethren, ye have done *it* unto me. Then shall he say also unto them on the left hand, Depart from me, ye cursed, into everlasting fire, prepared for the devil and his angels:**

**For I was an hungred, and ye gave me no meat: I was thirsty, and ye gave me no drink:**

**I was a stranger, and ye took me not in: naked, and ye clothed me not: sick, and in prison, and ye visited me not. Then shall they also answer him, saying, Lord, when saw we thee an hungred, or athirst, or a stranger, or naked, or sick, or in prison, and did not minister unto thee? Then shall he answer them, saying, Verily I say unto you, Inasmuch as ye did *it* not to one of the least of these, ye did *it* not to me. And these shall go away into everlasting punishment: but the righteous into life eternal.** To be prepared for His coming, we must be involved in caring for those in need, because that is the very heart of our Lord. Let us start with those around us - let us become more conscious of the needs of others right under our noses.

It is important to note the Lord's comments at the conclusion of each of the four end time parables we have discussed – His stern admonition to those who have been **disobedient** to His warnings.

First one: **The lord of that servant shall come in a day when he looketh not for *him,* and in an hour that he is not aware of, And shall cut him asunder, and appoint *him* his portion with the hypocrites: there shall be weeping and gnashing of teeth.**

Second one: **Afterward came also the other virgins, saying, Lord, Lord, open to us. But he answered and said, Verily I say unto you, I know you not.**

Third one: **but from him**

**that hath not shall be taken away even that which he hath. And cast ye the unprofitable servant into outer darkness: there shall be weeping and gnashing of teeth.**

Fourth one: **Inasmuch as ye did *it* not to one of the least of these, ye did *it* not to me. And these shall go away into everlasting punishment: but the righteous into life eternal.**

Let us take note of all of the above so that we are ready for our King! Remember, "good works" cannot save us, but we are saved unto good works which God has prepared for us as His Children.

To be ready, we must ask the Lord to give us a burden for lost souls, and then we need to intercede for the lost, - for those who do not know Jesus. We must ask Him to give us hearts of compassion for the poor and hungry, the widows and orphans and then we need to respond with the appropriate acts of kindness, as He leads and guides us.

***Is* not this the fast that I have chosen? to loose the bands of wickedness, to undo the heavy burdens, and to let the oppressed go free, and that ye break every yoke? *Is it* not to deal thy bread to the hungry, and that thou bring the poor that are cast out to thy house? when thou seest the naked, that thou cover him; and that thou hide not thyself from thine own flesh? (Isa. 58:6-7)**

**Pure religion and undefiled before God and the Father is this, To visit the fatherless and widows in their affliction, *and* to keep himself unspotted from the world. (James 1:27)**

# KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

**Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129**

# UIT ONS KANTOOR

Ons ontvang meer en meer briewe en telefoonoproepe van mense wat die Here se hulp wanhopig soek met oorweldigende probleme en beproewinge wat hulle ondervind. Tye is op die oomblik moeilik en alhoewel baie mense na die Here draai as gevolg van hierdie aanvalle op hul lewens – en dit is 'n goeie ding – is die werklikheid vir hulle daar om met hulle verlammende situasie op 'n daaglikse basis te deel. Ons weet, as gelowiges in die Here Jesus Christus, dat niks vir Hom onmoontlik is nie as ons net Sy Woord glo en standvastig op Sy beloftes staan, maar dit is in tye soos hierdie dat dit nodig is om ook onsself aanhoudend te herinner aan Sy **oppermagtige krag** en **almag!** Hy is ALTYD in beheer. Wanneer jy onder 'n aanval van die vyand is en 'n nuwe aanval ondervind, of dit sieke, verhouding en huweliksprobleme is of finansiële en materiële behoeftes, moet jy die verstommende getrouheid van die Here in al jou beproewinge van die verlede **onthou.** Hoe Hy toe vir jou deur gedra het! Onthou hoe Hy vir jou onderneem het toe jy hopeloos en hulpeloos in die situasies van die verlede gevoel het, toe jy na Hom in jou groot behoefte gedraai het en Hy ingegryp het en jou die oorwinning gegee het. Ons geheues is so kort en in tye van nuwe probleme, is ons geneig om die wonderwerke wat Hy van te vore vir ons gedoen het te vergeet en dink dat die nuwe probleem miskien 'n bietjie te moeilik vir die Here is om te hanteer! Laat ek jou verseker dat dit glad nie die geval is nie! Jy moet krag put uit die wete dat die Here nie verander het nie en dat dit wat Hy vir jou in die verlede gedoen het, Hy steeds by magte is om vir jou vandag te doen – en groter! **Heb. 13: 8 sê Jesus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid,** en ons lees in **Mal. 3:6 : Want Ek, die Here, het nie verander nie!**

Daar is egter tye wanneer die Here vir ons sê om dit wat agter ons is te VERGEET, sodat ons in Hom aan kan beweeg. Paulus sê in **Fil. 3: 13-14: Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.** Dit is noodsaaklik dat ons 'n visioen vir die toekoms moet hê en onsself nie toelaat om vas te val in die sorge van hierdie wêreld en die beproewinge wat oor ons kom gedurende die aanvalle van die vyand nie! So baie mense ly aan depressie en sien geen weg om daaruit te kom nie. Maar daar IS hoop, ons KAN oorwin deur Jesus Christus, maak nie saak wat die krisis is nie. Ons moet VOORUITBEUR omdat die Here ons geloof sal eer in Sy vermoë om ons die oorwinning te gee in alle omstandighede, en ons vasberadenheid om standvastig in Hom te staan totdat die oorwinning manifesteer. Wat om te doen in 'n tyd van uiterste moeilikheid? Die basis is dit:

1. Glo jy werklik dat my Here Jesus altyd was, altyd is en altyd sal wees?

2. As ek glo dat Hy altyd was, altyd is en altyd sal wees, dan moet ek glo dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

3. As ek glo dat Hy waarlik Here van Alles is, dan sal Hy die onmoontlike doen. Ek moet glo dat Hy alles is wat Hy aanspraak op maak: Koning van die Konings, my Herder, my skuilplek, my Bewaarder, my sterkte, my Geneser, my Verlosser, my alles in alles. Ek moet glo dat Hy vir my sal doen wat onmoontlik lyk in my tye van moeilikheid.

Ek spoor julle aan om vas te hou aan julle vertroue. **Heb. 10 :35-39: Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.**

**Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

**Heb. 3:14: Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou.**

Baie wat hier lees mag dink dat ons nie die dinge ondervind het wat hul deurmaak nie. Maar ek kan julle verseker dat ek deur so baie beproewinge en verdrukkinge gegaan het, wat die vyand teen ons gebring het, en dit is waarom ons met vertroue en oortuiging kan skryf as gevolg van baie, baie jare se ondervinding van die goeie stryd te stry en te sien dat die Here die oorwinning gee in elke situasie selfs in hierdie dae. Soos Paulus, aan wie Jesus gesê het: **"Ek sal aan hom toon hoeveel hy vir My naam sal ly."** Paulus het verseker gely, nie aan sieke nie, maar uiterste vervolging vir die Evangelie se onthalwe en die Here se genade was altyd genoeg vir hom. Ons kan julle verseker dat Sy genade en Sy krag nog altyd genoeg vir ons is en sal vir julle ook wees. Ons tyd op aarde is kort en sal verby gaan en elkeen van ons sal eendag voor die Here staan. Ek wil nie voor Hom ontnugter, vreesbevange en in ongeloof staan nie. Al wat ek nou na Hom kan bring is my geloof, my onwrikbare vertroue in Sy reddende krag. Ek begeer om die goeie geveg van geloof te veg tot daardie dag, en ek is seker dat jy ook dieselfde wil doen.

Ons wil julle bedank vir julle getroue ondersteuning van die bediening wat uit gaan vanaf die Stanger Christelike Sentrum, wat ons in staat stel om na die verlorenes en seer gemaaktes uit te reik vir Jesus Christus. Mag die Here julle oorvloedig seën vir die tyd wat julle in gebed bestee vir ons en vir die omhoog hou van ons arms op elke moontlike manier, wat aan ons die platvorm bied om die Goeie Nuus te versprei – die lewegewende Evangelie van ons Here Jesus Christus.

Die Here seën julle ryklik
Liefdegroete

*Meg en die Gebedspan*

# UIT ONS KANTOOR

Goeie more aan Meg en die gebed span.

Ek het u kantoor op 9 Maart geskakel en gevra dat u saam met my sal bid vir my huwelik. My gesondheid het ook agteruit gegaan, as gevolg van bekommernis. U het geantwoord en belowe om dadelik te bid vir hierdie versoek. 'n Paar dae hierna, is my huwelik herstel, asook my gesondheid. Al die eer aan ons Hemelse Vader. Hy is so getrou.

Baie dankie vir u mooi gesindheid en dat u saam met ons intree voor die Vader. Ons waardeer u toewyding en getrouheid.

Mag u werk, asook u persoonlike lewens, ryklik geseën word.

**Stella van Staden.**

Liewe Meg en span

Ek het op 14 Maart vir julle gevra om vir Magrieta Taylor van Uitenhage te bid. Sy het kolon kanker en was vreeslik siek en sonder hoop. Ek het vir haar ma Drieka gesê ek sal julle kontak en vra om te bid. Drieka het my vanoggend vertel dat 'n wonderwerk besig is om te gebeur . Daar is geweldige beterskap by haar dogter wat net wil eet en voorheen nie na kos wou kyk nie, terwyl daar 'n groot verbetering ingetree het.

Ek het ook in Feb. vir julle gevra om vir Elsa Viljoen te bid wat in die hospitaal was met erge hartversaking. Sy is uit die hospitaal ontslaan, weer tuis en is so te sê gesond. Ook het julle vir Leone Mulder gebid op my versoek toe daar gevrees het dat sy haar oorblywende oog sou verloor. Toe sy ingaan vir operasie het hulle tot hul verbasing gevind dat dit nie so ernstig is nie en het vir haar 'n nuwe lens ingeplant.

Sy kan nou heelwat beter sien en is nie blind soos almal gevrees het nie.

Wat kan ek sê?

DANKIE, DANKIE VADER EN DANKIE OOK A AN JULLE EN DAT JULLE VIR ONS INTREE MET GEBED!! Julle gebede word so dikwels verhoor. Dankie vir jul medelewing – vir jul aanmoediging en dat ons die vrymoediging het om julle te vra om vir ons te bid …. en dan ……. Wonderwerke.

PRYS DIE HERE – HY LEWE EN DEUR SY WONDE HET DAAR VIR ONS GENESING GEK OM!!!!!!

**Liefdegroete**,
**Pauline**